*Saterdag* 17 Januarie

Skrifgedeelte: Romeine 11:25-36

Fokusgedeelte: Romeine 11:30-32 (AFR53)

Is daar by God barmhartigheid oor die ongehoorsames?

Ons het nodig om God se barmhartigheid te leer ken. Nee, nie net te weet daarvan nie. Nie net te leer daarvan nie, maar dit te ken, as vir jou, as die een wat dit nodig het.

Daarvoor gee God mense oor aan hulleself: ons hoor dat Hy Israel oorgee aan hulle ongehoorsaamheid (vs 30) – Hy laat hulle wees wat hulle van nature is. Hulle het dieselfde natuur van ongehoorsaamheid as die heidene (vs 30). Die Jode (Israel) is nie beter nie, maar van nature ewe ongehoorsaam en ewe verlore.

Hierdie ongehoorsaamheid is nie God se skuld nie. God is nie skuldig aan mense se ongehoorsaamheid as Hy dit toelaat nie. Die mens is verantwoordelik vir wat hy doen en was geskep om goed te kon doen, maar het homself in ongehoorsaamheid gedompel.

Die mens wat skuldig is aan sy ongehoorsaamheid wil graag daardie skuld op God pak, deur te sê dat dit sý skuld is as Hy dit nie keer nie. So, wanneer is wat die mens doen sy eie verantwoordelikheid? Altyd!

Wat sien ons God wel doen teenoor mense wat ongehoorsaam is? Wat doen God waarvoor Hyself verantwoordelik is? Hy is barmhartig. Dit is nie teenoor goeie mense nie. Nie teenoor verdienstelikes nie, maar hulle wat straf verdien. Teenoor sy volk wat vyandig was teenoor die evangelie van sy Seun, Jesus. Teenoor heidene wat Hom nie geken het nie.

Dit is hoekom Paulus sê dat God se barmhartigheid so wonderlik is. Dit is so diep. Jy kan nie glo dat Hy dit aan ongehoorsames bewys, as Hy nie aan jou geloof daarin gee nie. In sy barmhartigheid gee Hy dít ook.

Dit is deel van die wonderlike evangelie, naamlik dat God barmhartig is teenoor die ongehoorsame, soos ek, en my in sy barmhartigheid terugroep en terugbring na Hom toe, om onder sy barmhartigheid te lewe. Wat 'n wonderlike seën dat die HERE God sondaars in sy barmhartigheid red.

*Sing: Psalm 40-1:6, 8*

*Ds. DJ (Dirk) Dykstra (Potgietersrus)*